

### **1 Januarie**

#### **Genesis 1:1-2:25**

##### **Oordenking: God die Skepper. (Genesis 1:1)**

Die blote feit dat God die hemel en die aarde geskep het, is een van die mees uitdagende gedagtes waarvoor die menslike verstand nóg te staan gekom het. Die geweldige sterrestelsels waarin ons leef wentel teen die duiselingwekkende snelheid van 564 000 kilometer per uur. En tog voltooi ons sterrestelsel maar net elke 200 miljoen jaar een omwenteling. En afgesien van ons eie, is daar nog meer as 'n biljoen ander sterrestelsels soos ons s'n.

Daar is wetenskaplikes wat sê dat die aantal sterre in die skepping gelyk is aan die aantal sandkorrels op al die strande van die wêreld. Tog sien ons dat dié see van malende sterre met 'n ongelooflike orde en reëlmaat sy wentelbaan voltooi. Die mens wat sê dat die heelal maar "sommer net gebeur" of "ontwikkel" het, moet beslis meer geloof hê as dié een wat glo dat God dit alles geskep het. God het voorwaar 'n wonderlike heelal geskep.

Dit was nie vir Hom nodig om die heelal te skep nie. Nee, Hy wou dit doen. Waarom? God is liefde en die liefde vind sy grootste vervulling as dit teenoor iets of iemand bewys word. God het dus die wêreld en sy mense as 'n uitdrukking van Sy groot liefde geskep. Ons moet dus nie God se skepping net as blote wetenskaplike feite afmaak nie, maar altyd onthou dat Hy die heelal geskep het omdat Hy ons liefhet, en ons van altyd af liefgehad het.

### **2 Januarie**

#### **Genesis 3:1-4:26**

##### **Oordenking: Die sondeval. (Genesis 3:1-6)**

Die Satan het Eva in die gedaante van 'n listige slang versoek. So doen hy hom voor as die teenstander wat op baie maniere probeer om almal van God af weg te lok. Tog het hierdie bose mag geen finale gesag nie en sal hy nie die uiteindelijke oorwinnaar wees nie. God sê in Genesis 3:14 en 15 baie duidelik vir ons dat hy uiteindelik vernietig sal word.

Die slang (dit is die satan) het Eva verlei deur haar te oorreed om aan God se opdrag te twyfel. Hoekom versoek hy ons? Sodat ons sy uitnodiging tot sy sondige lewe sal aanvaar. Dit sal beteken dat ons die rug op God se heilige lewe keer. Daar ontstaan ook probleme as ons ons oë begin rig op al die dinge wat ons nié het nie, in plaas daarvan om bewus te bly van alles wat God vir ons gee. As jy jouself weer jammer kry omdat daar baie dinge is wat jy nie het nie, gaan dink na oor alles wat jy hét, en dank God daarvoor.

### **3 Januarie**

#### **Genesis 5:1-7:24**

##### **Oordenking: Elke mens 'n individu. (Genesis 5:3-5)**

Ons leer uit geslagsregisters 'n interessante eienskap van God ken. Dit is naamlik dat mense vir Hom as individue en nie bloot as massas nie, belangrik is. Daarom noem Hy mense op die naam, daarom sê Hy ook vir ons wanneer hulle geleef het en wie hulle nageslag was. As jy weer deur 'n groot skare mense oorweldig voel, onthou dan dat dit die enkeling is wat die middelpunt van God se aandag en liefde is.

Ons kan sê dat alle mense aan mekaar verwant is, omdat ons almal nasate van Adam en Eva is. In werklikheid is die hele mensdom een familie, omdat ons almal vlees en bloed is. Onthou dit as vooroordeel of haat van jou besit wil neem. Jy en elke ander mens is vir God 'n unieke en kosbare skepsel.

**4 Januarie****Genesis 8:1-10:32****Oordenking: Noag se swakheid. (Genesis 9:20-27)**

Noag, die groot geloofsheld, was dronk. Hy het op daardie dag maar 'n baie swak voorbeeld vir sy seuns gestel. Hierdie verhaal is in die boek Genesis ingesluit om vir ons te toon dat selfs godvresende mense sonde kan doen en dat die swak voorbeeld wat hulle dán stel, hulle families ingrypend kan beïnvloed. Hoewel al die slegte mense op aarde in die sondvloed omgekom het, het die moontlikheid van sonde nog steeds in die harte van Noag en sy familieledede bestaan. Deur sy pa te spot, het Gam duidelik getoon dat hy nie die nodige agting vir sy pa of vir God gehad het nie. Daarom moet ons as gelowiges steeds daarteen waak dat ons nie in die sonde val nie. Daar is baie mense wat Genesis 9:25 gebruik om hulle eie rassevooroordeel en selfs slawerny te regverdig. Noag het nie deur sy woord enige bepaalde ras vervloek nie, maar wel Gam en sy nakomelinge omdat hulle boos en sleg was.

**5 Januarie****Genesis 11:1-12:20****Oordenking: Die toring van Babel. (Genesis 11:4)**

Die toring van Babel was 'n geweldige prestasie vir die mense. Dit was 'n wonder van die wêreld. Maar dit was terselfdertyd 'n monument tot eer van die mense en nié tot eer van God nie. Ons bou maar te dikwels vir onself monumente - duur klere, groot huise, weelderige motors en belangrike poste - om die aandag op onself en ons prestasies te vestig. Hierdie dinge is dalk nie op sigself verkeerd nie, maar as ons dit gebruik om 'n eie identiteit en aansien daardeur te probeer bekom, dan neem dit God se plek in ons lewens in.

**6 Januarie****Genesis Gen 13:1-15:21****Oordenking: 'n Selfsugtige keuse. (Genesis 13:10, 11)**

Lot se karakter word deur sy keuses geopenbaar. Hy het die beste deel van die land vir homself gekies, al sou dit beteken dat hy naby Sodom, daardie berugte stad van sonde, moes woon. Hy was gierig en wou die beste vir homself hê en hy het nie vir 'n oomblik gedink wat die beste vir sy oom Abram sou wees nie. Hy het hom ook nie gesteur aan regverdigheid nie. Elke mens se lewe bestaan uit 'n reeks keuses. Ons kan ook kies wat vir onself die beste sal wees, sonder om 'n oomblik aan die behoeftes en emosies van ander te dink. Ons sien egter duidelik uit Lot se lewensverhaal dat hierdie soort keuse tot probleme lei. As ons nie keuses maak wat ons nader aan God bring nie, dryf ons keuses ons net al hoe verder van Hom af weg.

**7 Januarie****Genesis 16:1-18:15****Oordenking: God se beloftes neem tyd. (Genesis 16:3)**

Sarai het die reg in eie hande probeer neem toe sy Hagar vir Abram gegee het. Dit was vir haar, net soos vir Abram, moeilik om aan God se belofte te glo - 'n belofte wat, soos hulle verstaan het, direk op hulle twee van toepassing was. Hulle kleingelowigheid het tot baie probleme gelei. Dit gebeur altyd as ons sake uit God se hande probeer neem, of as ons self pogings aanwend om Sy beloftes te laat waar word. Want ons pogings stem dikwels nie ooreen met God se uitdruklike bepalings nie. Abram en Sarai se bereidwilligheid om God in elke behoefte te laat voorsien, is hier waarlik op die proef gestel en tyd is as die groot toets gebruik. Dit is soms vir ons nodig om net te wag. As ons iets van God vra en ons sien duidelik dat ons moet wag, kom ons baie maklik in die versoeking om self iets te doen om gouer te kry wat ons gevra het. Maar dit is verkeerd om God te probeer "aanhelp" op daardie manier.

**8 Januarie****Genesis 18:16-19:38****Oordenking: Wees anders as die wêreld. (Genesis 19:14)**

Lot het so lank doodtevrede tussen goddelose mense gewoon, dat hy nie meer 'n geloofwaardige getuie vir God was nie. Hy het toegelaat dat sy omgewing hom verander, in plaas daarvan dat hý sy omgewing verander het. Herken ander mense jou as 'n getuie vir God, of is jy maar somer net een van die massa, iemand wat glad nie eens tussen ander mense raakgesien word nie? Lot het soveel kompromieë gemaak, dat hy feitlik nutteloos was vir God. En toe hy uiteindelik wél standpunt inneem, wou niemand na hom luister nie. Het jy ook al nutteloos geword vir God omdat jy te veel soos jou wêreldse omgewing geword het? As jy jou omgewing wil verander, moet jy gewillig wees om eers sêlf vernuwe te word.

**9 Januarie****Genesis 20:1-22:24****Oordenking: Abraham se geloof getoets. (Genesis 22:1)**

God het Abraham getoets. Die doel met die toets was nie om Abraham te pootjie en te staan en kyk hoe hy struikel en val nie. Nee, God se doel was om Abraham te leer om nog meer volkome gehoorsaam te wees aan Hom en daardeur sy geloof te versterk. Soos wat kosbare metale in die vuur van die smeltoond uit die erts te voorskyn kom, so ontwikkel en louter God ons deur moeilike omstandighede. Ons kan op twee maniere reageer as Hy ons so toets: of ons kan kla, of ons kan probeer insien en verstaan dat God besig is om ons te brei en ons geloof te versterk.

**10 Januarie****Genesis 23:1-24:66****Oordenking: Innerlike skoonheid - die belangrikste. (Genesis 24:15, 16)**

Eliëser het die Here gevra om vir hom te wys watter jong meisie die regte gesindheid openbaar - 'n gesindheid van diensbaarheid. Sy moes dus iemand wees wat nie net sou doen wat alle ander jong meisies sou doen nie. As sy sou aanbied om vir sy kamele ook water te gee, dan sou dit vir hom die teken wees dat sy wel die regte gesindheid het. Eliëser was nie begaan oor haar voorkoms of besittings nie, want hy het geweet hoe belangrik die regte gesindheid in die hart is. En hy het ook geweet hoe noodsaaklik dit was om God te vra om hom met die keuse te help. Rebekka was wel 'n mooi meisie, maar die slaaf was op soek na 'n teken dat sy ook van binne mooi was. Ons voorkoms is vir ons baie belangrik en ons bestee baie tyd en geld daaraan om ons voorkoms te verbeter. Maar hoe hard probeer ons om ons innerlike skoonheid te ontwikkel? Geduld, vreugde en sagmoedigheid is almal eienskappe wat ons sal help om waarlik mooi van binne te word.

**11 Januarie****Genesis 25:1-26:35****Oordenking: Jakob en Esau. (Genesis 25:32, 33)**

'n Mens se eerste reaksie is om iets wat jy graag wil hê in die hande te probeer kry. Aanvanklik bevredig dit jou ook om dit te kry, en dit kan selfs gebeur dat jy nogal magtig en sterk voel omdat jy in jou doel geslaag het. Maar daardie tydelike gevoel van genoegdoening hou nie altyd rekening met die toekoms nie. Ons kan uit Esau se sonde leer en sorg dat ons dit nie ook doen nie, deur die tydelike genoegdoening vroegtydig op te weeg teen die uiteindelijke gevolge van ons optrede. As ons op seksuele gebied in die versoeking is, lyk 'n huweliksertifikaat nie altyd vir ons baie belangrik nie. Die versoeking - en dit kan op enige terrein van die lewe wees - is soms só groot, dat niks anders op daardie oomblik vir ons saak maak nie. Dit is dán wanneer ons perspektief verloor. As ons teen versoeking staande wil bly, is die heel moeilikste stap dikwels om nié voor daardie geweldige druk van die oomblik te swig nie.

**12 Januarie**

**Genesis 27:1-46**

**Oordenking: Rebekka neem die reg in eie hande. (Genesis 27:5-10)**

Toe Rebekka hoor dat Isak vir Esau wou seën, het sy vinnig 'n plan beraam om te sorg dat hy onwetend vir Jakob seën, en nie vir Esau nie. God het toe alreeds vir haar gesê dat Jakob die leier in die familie sou word (Genesis 25:23-26), maar Rebekka het nogtans die reg in eie hande geneem. Sy het 'n verkeerde ding gedoen deur te probeer sorg dat dit wat God belowe het, wel bewaarheid word. Rebekka het geglo dat die doel die middele heilig. Hoe goed en prysenswaardig ons doelwitte ook al mag wees, ons mag hulle nooit op 'n verkeerde manier probeer bereik nie. Dit lei vorentoe tot groot hartseer, rusie en verskeurdheid.

**13 Januarie**

**Genesis 28:1-29:35**

**Oordenking: Jakob se verhouding met God (Genesis 28:10-15)**

Jakob het ook deel gehad aan die verbondsbelofte wat God aan Abraham en Isak gemaak het. Dit was egter nie genoeg dat hy Abraham se kleinseun was nie. Nee, Jakob moes 'n eie, persoonlike verhouding met God hê. God het geen kleinkinders nie - slegs kinders. Elkeen moet 'n eie, persoonlike verhouding met Hom hê. Dit is nie genoeg om nét mooi getuienisse van Christene in jou familie te hoor nie. Nee, jy moet self ook deel aan Christus kry (lees Galasiërs 3:6, 7).

**14 Januarie**

**Genesis 30:1-31:18**

**Oordenking: Ragel probeer Jakob se liefde verdien. (Genesis 30:1-22)**

Ragel probeer om iets wat nie verdien kan word nie, wel te verdien. Ons kan ook in hierdie strik trap as ons, soos sy, God se liefde probeer verdien. Ons pogings kan gegrond wees op een van twee verkeerde idees. Die een is dat ons "goed" genoeg is om Sy liefde te verdien. Die ander is dat ons besef ons sal nooit in staat kan wees om dit te verdien nie, en dan somer aanneem dat ons nooit Sy liefde sal ervaar nie. Die Bybel sê duidelik en onomwonde vir ons dat God ons liefhet. Sy liefde is oneindig en geduldig. Al wat ons moet doen, is om daarop te reageer. Ons moenie probeer om dit wat Hy as geskenk aan ons bied, te verdien nie. God sê op soveel maniere dat Hy jou liefhet en Hy bewys daardie liefde deur alles wat Hy vir jou doen. Hy sê vir jou en vir my: "Ek het selfs My eie Seun, Jesus, op die altaar geplaas om te betaal vir die sonde wat jou vir My onaanvaarbaar maak. Jy kan nou lewe, omdat Ek jou liefhet. Reageer op My liefde en gee vir My al die liefde wat daar in jou wese is. Gee jouself aan My uit dankbaarheid, en nie as betaling nie. Lewe nou ten volle, as vrygemaakte, in die wete dat Ek jou liefhet."

**15 Januarie**

**Genesis 31:19-32:32**

**Oordenking: Jakob vrees die herontmoeting met Esau. (Genesis 32:9-12)**

Hoe sou jy voel op die vooraand van 'n ontmoeting met iemand wat sy heel kosbaarste besitting deur jou toedoen verloor het? Jakob het Esau se reg as eersgeborene (Genesis 25:33) en ook sy seën (27:27-29) van hom afgeneem. Hy was dus vreesbevange toe hy sy broer weer na twintig jaar vir die heel eerste keer sou ontmoet. Hy het homself egter gemaan om kalm te bly en besluit om te bid. Ons kan ook op een van twee maniere reageer as ons voor probleme of konflik te staan kom: ons kan of paniekbevange rondhardloop, of ons kan stil word en bid. Watter reaksie sal die meeste vrugte afwerp?

**16 Januarie**

**Genesis 33:1-34:31**

**Oordenking: Dina en die mense van Sigem. (Genesis 34:27-31)**

Toe Sigem Dina verkrag het, was die gevolge baie erger as wat hy ooit kon droom. Dina se broers was woedend en het wraak geneem. Dit het tot baie pyn, leuens, bedrog en selfs moord gelei. Seksuele sondes is nie méér sondig as ander sondes nie, maar die gevolge kan baie meer vernietigend wees. In hulle pogings om wraak te neem op Sigem, het Simeon en Levi gelieg, gemoor en gesteel. Dit was heeltemal reg dat hulle graag geregtigheid wou laat geskied, maar die manier waarop hulle dit gedoen het, was verkeerd. As gevolg van hulle sondes het hulle eie vader hulle op sy sterfbed vervloek (49:5-7). Simeon se nageslag moes baie jare later dié deel van die beloofde land wat aan hulle toegeken was, afstaan. As jy in die versoeking kom om kwaad met kwaad te vergeld, laat die wraak liewer aan God. Eiegeregtigheid kan net die verskriklike gevolge van die sonde vererger.

**17 Januarie**

**Genesis 35:1-36:43**

**Oordenking: Jakob vernietig die afgode. (Genesis 35:2)**

Hoekom het die mense afgode gehad? Afgode is dikwels nie regtig as gode in die ware sin van die woord beskou nie, maar eerder as "gelukbringers". Party van die Israeliete het die Here wel aanbid, maar nog steeds afgodsbeeldjies in hulle huise gehad - net soos talle Christene vandag gelukbringertjies het. Volgens Jakob was daar geen plek vir afgode in sy huishouding nie, want niks moes toegelaat word om die geestelike perspektief in sy huishouding te belemmer nie. Daarom het Jakob opdrag gegee dat alle afgode vernietig moes word. Enigiets wat ons bo God stel, is 'n afgod. As ons nie bereid is om die afgode uit ons eie lewens te verwyder nie, kan daardie dinge ons geloof ondermyn en vernietig. Afgode is ook nie altyd tasbaar en sigbaar nie, want gedagtes en begeertes kan ook afgode wees. Ons moet, net soos Jakob, daardie dinge onmiddellik uit ons lewens verwyder.

**18 Januarie**

**Genesis 37:1-38:30**

**Oordenking: Juda en Tamar. (Genesis 38:11-30)**

Toe dit bekend geword het dat Tamar swanger was, wou Juda haar laat verbrand (hoewel hy self onwetend vir haar swangerskap verantwoordelik was). Juda het sy eie sonde verdoesel, maar wou streng teen Tamar optree. Ons probeer dikwels om sondes wat ons in die lewens van ander ten sterkste veroordeel, in ons eie lewens te verdoesel. As jy dus agterkom dat jy besonder heftig reageer op sekere sondes in die lewens van ander, is dit moontlik dat jy geneig kan wees tot dieselfde sonde, maar nie bereid is om dit te erken en in die gesig te staar nie. Tamar is deur haar intense begeerte om 'n kind te hê tot prostitusie gedryf, en Juda is deur wellus daartoe gedryf om 'n prostituut op te soek. Nie een van die twee se motiewe het hulle optrede geregverdig nie. Peres is uit daardie swangerskap gebore - hý was die gevolg van bloedskanie en prostitusie, sondes wat vir die Israeliete baie ernstig was. En nogtans het hy 'n voorvader van Christus geword, die Een wat vir die sondes van die hele wêreld sou sterf (Matteus 1:3).

**19 Januarie**

**Genesis 39:1-40:23**

**Oordenking: Potifar se vrou wil Josef verlei. (Genesis 39:9)**

Potifar se vrou kon nie daarin slaag om Josef te verlei nie. Sy verweer was: "Ek sal mos teen God sondig!" Hy het nie gesê: "Dit sal verkeerd wees teenoor jou" of "Dit sal verkeerd wees teenoor Potifar" of "Ek kan dit nie aan myself doen nie." Daardie soort verskonings word baie maklik weggeredeneer as 'n mens onder druk verkeer. Onthou altyd dat seksuele sondes nie maar net iets is waarvoor twee volwasse mense moet besluit en dus iets wat net hulle twee raak nie. Nee, dit is niks anders nie as ongehoorsaamheid aan God.

**20 Januarie**

**Genesis 41:1-57**

**Oordenking: Josef uit die tronk vrygelaat. (Genesis 41:38-40)**

Josef het baie gou gevorder van 'n tronksel tot die farao se paleis. Hy is vir dié belangrike taak opgelei en toegerus deurdat hy eers 'n slaaf en toe 'n gevangene was. In beide situasies het hy geleer hoe belangrik dit is om God en ander te dien. Wat jou omstandighede ook al is, en hoe onaangenaam dit ook al vir jou mag wees - beskou dit altyd as deel van jou opleidingsprogram, as toerusting, sodat jy later in staat sal wees om God beter te kan dien.

**21 Januarie**

**Genesis 42:1-43:34**

**Oordenking: God se plan en die hongersnood. (Genesis 43:1)**

Daar was vir Jakob en sy seuns geen verligting van die hongersnood nie. Hulle het natuurlik nie geweet van God se groot plan om hulle na Egipte te stuur sodat hulle daar met Josef verenig kon word en weer uit Egipte se skure gevoed kon word nie. As jy bid om verligting van lyding of druk en God beantwoord nie jou gebede soos jy vra nie, onthou dan dat Hy dalk besig is om jou na baie kosbaarder skatte te lei.

**22 Januarie**

**Genesis 44:1-45:28**

**Oordenking: God se goedheid groter as menslike boosheid. (Genesis 45:4-8)**

Hoewel Josef se broers probeer het om van hom ontslae te raak (Genesis 37:26-36), het hulle bose daade deel gevorm van God se groot plan. Hy het Josef vooruit gestuur om hulle lewens te red, Egipte te red en die weg te baan vir die geboorte van die volk van Israel. God is almagtig. Sy planne word nie verydel deur die optrede van mense nie. As ander mense jou wil benadeel moet jy altyd onthou dat hulle ook maar net instrumente van God is. Josef sê duidelik in Genesis 50:20: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen."

**23 Januarie**

**Genesis 46:1-47:31**

**Oordenking: Jakob trek Egipte toe. (Genesis 46:3, 4)**

God het Jakob aangesê om sy huis te verlaat en na 'n ver en vreemde land te trek. Maar Hy het hom dié versekering gegee dat Hy by hom sou wees en vir hom sou sorg. As jy dalk angstig of bekommerd voel oor vreemde omstandighede of 'n vreemde omgewing, onthou dat dit heeltemal normaal is om bang te wees. 'n Verlamme, vreesbevange gevoel dui egter daarop dat jy God se vermoë om vir jou te sorg, in twyfel trek.

**24 Januarie****Genesis 48:1-50:26****Oordenking: God beskerm teen onreg. (Genesis 49:24)**

Jakob het die manier waarop God in Josef se lewe gewerk het, opgesom met die woorde: "Maar hulle boog misluk elke keer, hulle sterk arms bewe, want die magtige God van Jakob gryp in, die Rots van Israel beskerm hom." Daardeur het hy verwys na die manier waarop God Josef elke keer gehelp het as mense wat hom haat, hom kwaad wou aandoen. Ons verkeer so dikwels in 'n worstelstryd, maar dink nie daaraan dat God in staat is om ons te help nie, of ons stryd nou teen mense met wapens, of teen geestelike magte is. Josef het al hoe nader en nader aan God gekom, hoe groter die teenstand en die oormag teen hom geword het. As 'n mens met volle vertroue kan glo dat God jou sal red, is dit 'n teken dat jou geloof groot is. Glo en vertrou jy dat Hy die wapens van lyding of vervolging wat teen jou ingespan word, sal vernietig? Daardie soort geestelike stryd vereis geloof - dit is volhardende vertroue op God.

**25 Januarie****Eksodus 1:1-2:24****Oordenking: Moses word weggesteek. (Eksodus 2:3)**

Moses se moeder het goed geweet hoe verkeerd dit sou wees om haar kind dood te maak. Maar sy kon nie veel aan die farao se nuwe wet doen nie. Die enigste alternatief wat vir haar oorgebly het, was om hom weg te steek in 'n klein biesiemandjie op die rivier. God het daardie klein maar dapper daad van 'n moeder gebruik om die Hebreër wat Hy uitverkies het, in die huis van die farao te laat beland. Voel jy soms asof jy heeltemal omring is van die bose en niks daaraan kan doen nie? 'n Daad wat vir jou klein en nutteloos lyk, is dalk net wat God wil gebruik om omstandighede te verander. As jy voor die bose te staan kom, kyk op watter manier jy daarteen kan optree. Glo en vertrou dan dat God jou optrede, hoe nietig dit ook al vir jou mag lyk, sal gebruik in Sy stryd teen die bose.

**26 Januarie****Eksodus 3:1-22****Oordenking: God openbaar Hom aan Moses. (Eksodus 3:5-6)**

God het Moses beveel om sy skoene uit te trek, omdat hy op heilige grond gestaan het. Moses het nie net gehoorsaam nie, maar ook nog sy gesig bedek. Dit was uit eerbied vir God dat hy sy skoene uitgetrek het, as teken dat hy sy onwaardigheid voor Hom besef het. God is ons vriend, maar Hy is ook die almagtige God. As ons op 'n oneerbiedige manier tot Hom nader, gee ons daardeur te kenne dat ons nie die nodige eerbied vir Hom het nie, en ook nie opreg tot Hom wil nader nie. Hoe nader jy in aanbidding tot God? Op 'n oneerbiedige manier, of soos iemand wat deur 'n koning uitgenooi is om hom te besoek? Dit is soms nodig om ons gesindheid te verander om weer tot die heilige God te kan nader.

**27 Januarie****Eksodus Eks 4:1-5:21****Oordenking: Moses en Aäron gaan na die Farao toe. (Eksodus 5:4-9)**

Moses en Aäron het, net soos die Here beveel het, die boodskap aan die farao gaan oordra. Die gevolg daarvan was dat die volk net nóg harder moes werk en nog meer verdruk en nog slegter behandel is. Moenie sommer aanvaar dat jy nie meer in God se guns is as dit moeilik met jou gaan nie. Jy ly dalk omdat jy goed doen in 'n bose wêreld. Om aan God gehoorsaam te wees, lei wel soms tot ontberings. Is jy 'n volgeling van God wat nog steeds moet ly, of ly jy dalk nou nog meer as tevore?

**28 Januarie**

**Eksodus 5:22-7:25**

**Oordenking: God se belofte aan Israel (Eksodus 6:6-8)**

Die beloftes wat die Here in Eksodus 6:6-8 maak, is volkome vervul nadat die Hebreërs uit Egipte getrek het. Hy het hulle van die dwangarbeid in Egipte bevry, Hy hét hulle God geword, en hulle Sy volk. Daarna het Hy hulle na die land wat Hy aan hulle beloof het, gelei. Hulle verlossing uit die dwangarbeid is 'n heenwysing na ons verlossing van sonde. Hy is ons God wat ons van die sonde verlos. Hy lei Hy ons na 'n nuwe lewe en ons kan Hom daarheen volg.

**29 Januarie**

**Eksodus 8:1-9:35**

**Oordenking: Die eerste sewe plae. (Eksodus 9:12)**

God het aan die farao oorgenoeg geleenthede gegee om ag te slaan op Moses se waarskuwings. Maar uiteindelik was dit asof die Here vir hom sê: "Nou maar goed, laat dit dan wees soos wat jy dit graag wil hê." Daarop het sy hart vir altyd verhard geraak. Het die Here die farao se hart opsetlik hard gemaak, sodat hy geen mag daarvoor gehad het nie? Nee, Hy het maar net bevestig dat die farao verkies het om teen Hom in opstand te kom. Dit sal dalk ook vir jou onmoontlik wees om weer na God te kom as jy Hom jou hele lewe lank weerstaan het. Moenie vir "die regte oomblik" wag voordat jy na God kom nie. Gaan nou na Hom, terwyl daar nog tyd is. As jy aanhou om God se stem te ignoreer, sal jy later nie meer in staat wees om Hom te hoor praat nie.

**30 Januarie**

**Eksodus 10:1-12:28**

**Oordenking: Die instelling van die Paasfees. (Eksodus 12:3, 4)**

Waarom het die Hebreërs juis 'n lam geoffer? Die betekenis van daardie offer het daarin gelê dat die bloed van 'n onskuldige dier gestort moes word. Om die Israeliete van die laaste plaag, dit was die dood van die eersgeborenes, te red, moes 'n lam sonder enige liggaamsgebrek geslag word en sy bloed moes aan die deurkosyne gesmeer word. Daardie lam was dan 'n offer, 'n plaasvervanger vir die persoon wat veronderstel was om te sterf. Van daardie dag af sou die Hebreëuse volk baie goed verstaan dat verlossing uit die dood beteken dat 'n ander lewe in hulle plek geneem sou moes word. Die bloed van die offerlam was ook 'n heenwysing na die bloed van Christus, die Lam van God, wat met Sy bloed vir die sondes van die ganse mensdom betaal het.



**31 Januarie**

**Eksodus 12:28-13:16**

**Oordenking: Verlossing van sonde. (Eksodus 12:28-30)**

Die verlossing waarvan ons in die Bybel lees, beteken dat ons vrygemaak word van die slawerny van die sonde. Ons het al almal sonde gedoen en ons sál altyd weer sonde doen - dit maak van ons slawe van die sonde. Ons kan onself nie van die gevolge van die sonde verlos nie, daarom het ons verlossing nodig. Verlossing behels twee dinge: eerstens 'n losprys, iets wat betaal is as straf op die sonde, en tweedens 'n plaasvanger om daardie losprys te betaal en die straf namens ons te dra. In hierdie verhaal is die lam as plaasvanger vir die lewens van die Israeliete geoffer. Daardie lammers het met hulle lewens die prys betaal. God het in die Ou Testament die offerstelsel ingestel, waarvolgens diere geoffer moes word sodat mense van die sonde verlos kon word. Dit het dus beteken dat die individu 'n waardevolle dier moes slag om duidelik te toon dat die prys vir die sonde betaal moes word.

In die Nuwe Testament sien ons hoe Jesus die heel grootste verlossingsdaad verrig deur Homself vir ons sondes aan die kruis te offer. Daarna sou dit nooit weer nodig wees om diere te offer nie. Jésus was die plaasvanger en Sy bloed was die prys wat vir ons sondes betaal is. (1 Petrus 1:18, 19).

Slegs Jesus kon die ganse mensdom van die slawerny van die sonde verlos, omdat Hy die enigste was wat ooit 'n lewe geleef het wat in alle opsigte volmaak was (Hebreërs 7:26, 27; 1 Johannes 3:5)

Hy was die Enigste wat nog ooit aan die eise van God voldoen het, en daarom was Hy die Enigste wat ons van ons straf kon vrystel. Daardie straf is die dood wat ons vanweë ons sondeskuld verdien. Jesus het Sy lewe in ons plek afgelê, sodat ons met God versoen kan word.

As ons van die verskriklike gevolge van ons sonde verlos wil word, moet ons aanvaar en erken dat 'n geweldige prys betaal moet word. Maar ons hoef nie self daardie prys te betaal nie. Jesus Christus, ons plaasvanger, het dit alreeds betaal toe Hy aan die kruis gesterf het. Al wat ons nou te doen staan, is om volkome op Hom te vertrou en te aanvaar dat die prys vir ons sondes klaar betaal is, en dat die weg reeds voorberei is sodat ons in 'n wonderlike nuwe verhouding teenoor God kan staan (Titus 2:14; Hebreërs 9:13-15; 23-26).